



D E W E T T E R




1969 – 1983
Reünie-Uitgawe



I N H O U D

<i>Redaksioneel.....</i>	<i>1</i>
<i>Adv.B.J.Vorster</i>	<i>2</i>
<i>Leiers.....</i>	<i>7</i>
<i>Sport.....</i>	<i>13</i>
<i>Manne.....</i>	<i>23</i>





Redaksioneel

Geagte De Wetters, oud-De Wetters en koshuisvriende

Die vyftiende De Wetter poog om vir die van u wat in die vyf jaar sedert die laaste reünie hier woonagtig was 'nonthou-jy-nog-blad te wees.

Om u te herinner aan die dae toe u die voorreg van student-wees gesmaak het en om die hoogtepunte te herleef of te sien wat sedert u vertrek, gebeur het.


Saam met die hoogtepunte het die hartseer egter ook in ons reüniejaar gekom. Op 10 September 1983 het Huis C.R. De Wet met leedwese verneem van die heengaan van die man wat aan ons ons leuse gegee het. adv. B.J. Vorster.

Wyle Mnr. Vorster het 'n paar maande voor sy dood 'n voorwoord aan die De Wetter geskryf en sou as gasspreker tydens die reünie-naweek optree maar kon vanweë swak gesondheid nie die funksie bywoon nie. Ons bring hulde deur hierdie boodskap op die volgende bladsy te plaas.

My opregte dank aan Bloemfontein Process Engraving Works, ons drukkers, lede van die redaksie, Jan Smit vir die portret studies en Andy Galloway vir die tema blaai wat hierdie De Wetter moontlik gemaak het.

Groetnis

Neil Crafford-Lazarus.



Neil Crafford-Lazarus,
Redakteur De Wetter '83



Voor: N. Crafford-Lazarus (Redakteur), J. Greyvenstein
Agter: C. Pagel, L.J. Botha





Adv. B.J. Vorster



Adv. B.J. Vorster was 'n briljante redenaar, politikus en staatsman. Hy was ook 'n studentevriend. Ons meegvoel aan sy familie met sy afsterwe op 10 September 1983. Ons eer sy nagedagtenis. Hierdie voorwoord is geskryf enkele maande voor sy afsterwe.

15 JAAR.

Lank in die lewe van 'n mens kort in die lewe van 'n instelling of 'n koshuis en tog volgens my rapport het die KOSHUIS in die kort tyd sy kant gebring en 'n stewige plek vir sy inwoners op die kampus verseker.

In die loop van die vyftien jaar het die huis talle en talle manne uitgestoot wat roepingsbewus landswyd gaan arbei het en omdat hulle onderleg was, het hulle hul goed gedoen vir hulle self veral omdat hulle toegewyd was, het hulle ook die vaderland ten beste gedien.

Die toekoms vra egter net onderlegde en toegewyde mense nie, maar in ons besondere omstandighede vra die toekoms begrip en insig. Begrip vir die probleem wat opgelos moet word enersyds en insig, andersyds, om dit op te los op 'n wyse wat nie jouself of die vaderland in die gevaar stel nie.

Op papier lyk dit mooi en maklik. In die praktyk verg dit fyn trap, harde werk en geloofsvertroue. Dit alles word saamgevat in die woord Roepingsbewustheid.

Vir die man wat glo dat hy 'n ROEPING het om te vervul, kan die hitte nie te straf, die riviere nie te vol en die pad nie te opdraend wees nie.

HUIS DE WET het reg gekies - sy inwoners sal HUL ROEPING VERVUL.





Prof. W.L. Mouton

VOORWOORD DEUR DIE REKTOR

Daar is universiteitskoshuise, ja ook in ons land, wat al met 'n tradisie van oor 'n honderd jaar kan spog. Teen so 'n agtergrond mag die skyn gewek word dat Huis Christiaan de Wet met slegs vyftien jaar agter die rug nog in sy kinderskoenestaan. Maar tradisie hoef nienoodwendig in jare getel te word nie. Huis De Wet het reeds 'n sterk en kenmerkende karakter ontwikkel en waar alles om ons heen teen 'n snelle tempo verander, dra dit by om die verandering op 'n gesonde wyse te laat geskied.

Die tradisie van Huis Chris-

tiaan de Wet is gebed in 'n naam wat tagtig jaar gelede op die lippe van die hele wêreld was en nog steeds lewend in die hart van elke Afrikaner vertroetel word. As die koshuistradisie aan hierdie groot man se leuse van "God maak my getrou tot die dood" verbind is, dan wag daar vir hierdie Huis 'n mooi toekoms. Laat elke inwoner hierdie leuse deel van sy eie lewe maak in alles wat hy doen.

Mag die reünie-vieringe 'n vreugdevolle ervaring vir elkeen wat dit bywoon wees en die latere herinneringe daaraan die leuse en lewe van Christiaan Rudolph De Wet duidelik na vore bring.



Prof. W.L. Mouton,
Rektor van U.O.V.S.



Prof. M.C.E. van Schoor

Dag al my seuns!

Genl. De Wet het die opvallende gewoonte gehad dat as hy in die straat by 'n kindjie verbystap, lig hy sy hoed en groet op sy vriendelikste manier. Toe aan hom gevra is: "Generaal, vanwaar hierdie besondere eerbetoen?", was sy antwoord: "Ek groet, want daar loop die toekoms van my volk". Ná sy voorbeeld wil ek in die gees ook my hoed vir julle lig, want in sy woorde wil ek ook sê: "Daar loop die toekoms van my volk".

My paadjie na Huis Christiaan de Wet loop oor 'n jaar of twee ten einde, maar weet dat julle vriendskap, gedrag en optrede van my kosbaarste geestesgoed bly

en altyd sal bly. Natuurlik was julle soos enige seun soms stout, maar dit kan nooit van Huis Christiaan De Wet se inwoners gesê word dat julle ooit teenoor 'n ander gemeen opgetree het, of in 'n kwaadwillige gees teenoor die owerheid, julle Ma's in die kombuis of gange, die bediendes of teenoor my gehandel het nie. Laat dit in die jare wat voorlê steeds van Huis Christiaan de Wet gesê word, hierdie huis, is die man wie se naam hydra hom oor en oor waardig, want sy inwoners ken, soos 'n genl. De Wet, wat dit beteken om trou en lojaal aan jou medemens, jou volk en jou Skepper te wees.

Mooi loop, my seuns.

Van jul trotse Pa Tienie




Prof. M.C.E. van Schoor,
Toesighoudende dosent.





J.V. du Plessis 1969



J.V. du Plessis,
Eerste primarius van Huis
Christiaan de Wet

Huis Christiaan De Wet is vyftien jaar gelede "gebore" toe ons saam met 'n groepie eerstejaarstudente 'n woonhuis te Kronalynstraat 1, Universitas betrek het in afwagting van die voltooiing van die koshuis. Aan die begin van die tweede kwartaal betrek ons saam met damesstudente die sierlike nuwe gebou op die kampus. Sedert hierdie beskeie begin het Huis Christiaan De Wet gegroei tot 'n koshuis wie se inwoners op alle terreine van die Kovsielewe hulle plek met onderskeiding volstaan.

Laat die tradisies van hierdie koshuis blyvoortleef en

laat elkeen wie se lewenspad hom ook gebring het om hier 'n tuiste te vind, steeds gedring word om te alle tye hulle roeping te vervul. Mag elke inwoner van Huis Christiaan De Wet, net soos hierdie groot Vrystaatse seun, ook altyd andere inspireer met die woorde van Jan F.E. Cilliers in gedagte:

En hierdie pure man
jou kind, Suid-Afrika!
Wat vrees ons dan?
Geseën sal wees
die grond, die bloed,
die vlees
wat sulke vrugte dra.
In ons De Wet se gees.
Voorwaarts,
Suid-Afrika.



S.J. van der Westhuizen 1983



S.J. van der Westhuizen,
Vyftiende primarius van Huis
Christiaan de Wet

Die 15de jaar was 'n groot en besondere jaar in hierdie koshuis se geskiedenis. Die koshuis het mooi tye beleef en ons dank ons God daarvoor.

Ons as jongmense bevind ons in interessante tye wat dikwels groot eise aan ons stel. Ons akademie moet hoë prioriteit geniet, maar kan ons nie vanjaar betrokke geraak het op sportgebied, verenigingslewe, kultuurlewe en sosiale gebiede nie? Het elkeen van ons werklik gewoeker met die talente wat God ons geskenk

het. Spring uit en woeker met jou talente.

Waar die fase van student-wees nie baie lank is nie, wil ek 'n beroep op u doen om 'n sukses van jou studente jare te maak. Maak dit 'n vol en vrugbare fase sodat ons as ware De Wetters met dankbaarheid en trots kan terugkyk op dit wat jy vir die koshuis gegee het en dit wat jy uit hierdie Rooibaksteengebou kan kry. Laat elkeen van ons 'n uitdaging maak van ons roeping en dit vervul.







C.R. de Wet - 15jaar




As Krygsman



As Gesant



As Minister




As Rebel





LEIERS





Godsdiens

Reünie - wat 'n gedagterike en beloftege vulde woord! Dit laat inderdaad elke inwoner en oud-inwoner se verbeelding op loop sit - feeste, weersiens en

staaltjies uit die verlede en veel meer.

Die eerste vraag wat na vore kom is: hoe bepaal 'n mens watter rol godsdiens

speel? Is dit die aantal kerkraadslede in De Wet, die bywoning van kringe, die bywoning van die ere-diens of die gee van dankoffers wat die deurslag gee?

Kom ons kyk tog na die betrokkenheid van die koshuis op geestelike terrein. De Wet is bekend daarvoor dat hy gereeld goed verteenwoordig is in die Kerkraad. 'n Paar jaar gelede was die inhandiging van dankoffers gewoonlik 100% en die bywoning van die normaalklas net so hoog.

Kan bogenoemde nou as maatstaf gebruik word. Nee, beslis nie net dit nie. Dr. T.B. Muller het by geleentheid gesê "Godsdiens is so ingebore in die mens dat dit die natuurlikste in al ons handeling behoort te wees. Godsdienstigheid, geloofslawe, word nie gemeet aan die aantal kerkraadslede in De Wet of die terughandiging van koevertjies. Godsdiens is 'n manier van lewe, dit is 'n sekere lewensstyl. Dit word gesien in die manier waarop ek studeer, in die eetsaal optree, voor die veerpyltjebord, op die rugbyveld en wanneer 'n ou en sy meisie saam is. Dan leef godsdiens of dit leef nie, dan sien 'n mens wie leef binne-in jou en wie is in beheer van jou lewe.

Watter rol speel Jesus Christus in jôu lewe? In Rom. 14:12 staan daar: "Elkeen van ons sal oor homself aan God moet rekenskap gee!"

Riaan Stander



Diakonie

Agter: B. van der Westhuizen, I. Dursema, W. Opperman, P. Blignaut.
Voor: E. Jonker, G. Volschenk en S. Vorster.



Kringleiers

Voor: G. Stroebe, H. Cloete, S. Kritzing, P. Rochér, M. Kalp.
Middel: G. Mathews, E. Jonker, T. De Beer, R. van Schalkwyk, N. Klynshmit, T. Meyer.
Agter: E. Casselegio, A. Kemp, J. Smit, R. Conradie, L. Coetzer, J. Greyvenstein, C.B. Kruger, N. Linde, P. Blignaut, A. Myburg.



Kultuur



SENIOR REDENAARSKOMPETISIE


Cicero het by geleentheid gesê: "Daar is twee kandidate wat mens tot die hoogste posisie kan verhef: Die een is die van 'n soldaat: die ander is dié van die begaafde orator: deur eersgenoemde word die glorie van vrede bewaar, deur laasgenoemde word die gevare van oorlog oordryf."

Huis De Wet onderskryf die waarheid deurdat daar jaarliks 'n senior redenaarskompetisie in die gesellie plaasvind. As gevolg van baie hoë gehalte redevoering en puik organisasie het die kompetisie hom gou gevestig as een van die prestige geleenthede op die Kopsiekalender.

Heel gepas het verskeie De Wetters reeds hier gepresteer. Hier dink mens veral aan:

- 1978 Rikus Steyn :
Algehele wenner
1979 Piet du Plessis :
Manswenner
1980 Piet du Plessis :
Manswenner
1981 Rian Stander :
Manswenner

Vanjaar se algehele wenner was Louisa Kirstein (Wag'n-Bietjie). Benette van Loggenberg (Koos) en Neil Malan (JBM) was onderskeidelik die wenner van die dames- en mansafdeling.



Die beeldjie deur Coert Steynberg is deur adv. B.J. Vorster aan Huis Christiaan de Wet geskenk.





Huiskomitee



Huiskomitee 82/83

Voor: A. Myburgh (o/Primarius), B. van der Westhuizen (Primarius), N. Linde.
Agter: B. Nel, P. Blignaut, P. Rochér, D. van Stryp.




Die manne wêrk ook
N. Linde, P. Rochér, A. Myburg (o/primarius), B. van der Weshuizen (prima-
rius), P. Blignaut, D. van Stryp, B. Nel.





Kampusleiers



R. Stander: SR-Voorsitter 1982



P. du Plessis: SR-Lid 1982


Huis C.R. de Wet het in die vyf jaar sedert die laaste reunie getoon dat leierskap en C.R. de Wet sinoniem is.

'n Maand na die reunie op 31 Augustus 1978 word die Studenteraad vir die termyn '78-'79 bekend gemaak en De Wet het twee verteenwoordigers op die Raad nl. Hennie Lambrechts en Japie Roos, onderskeidelik die primarius en o/primarius van 1978. Hennie stel homself weer beskikbaar na 'n jaar se diens en op 13 September 1979 word Hennie Lambrechts as onder-voorsitter en Gert van Zyl, 1979 se primarius as Studenteraadslede aangekondig.

Die volgende jaar, 1980 gons dit met verkiesingstyd op die kampus. De Wet het vyf kandidate vir die SR-verkiesing in die veld. Op 30 September 1980 word die Studenteraad vir die '80-'81 termyn aangekondig en De Wet behaal 'n ongeëwenaarde prestasie deur vyf suksesvolle kandidate te hê, nl. Dawie Scholtz, Piet du Plessis, Riaan Stander, Gideon Volschenk en Neil Crafford-Lazarus.

Hierop is in 1981 voortgebou toe De Wet vier SR-lede oplewer vir die '81-'82 termyn met Riaan Stander as Studenteraadsvoorsitter. Die ander drie lede was Piet du Plessis, Gideon Volschenk en Jannie Meyer, terwyl 'n oud-De Wetter, Gerhard Beukes, ook tot die raad verkies is.

Vir die volgende termyn het De Wet weer twee kandidate in die veld en beide was suksesvol, sodat De Wet in sy reuniejaar op die Studenteraad verteenwoordig is deur Henri Stalen Gunther Paul.



Gideon Volschenk: S.R.-lid '82



N. Crafford-Lazarus: SR-Lid '81






TOEKENNINGS



Lukas Minie en Riaan Laubscher nadat e.g. die sporttrofee ontvang het.



Riaan Stander wenner van die De Wetter toekenning 1982.

SPORTMAN TOEKENNING

In 1982 skenk twee broers, Kobus en Riaan Laubscher 'n skild aan die koshuis wat jaarliks sal toegeken word aan dié sportman wat die koshuis die beste op sportgebied verteenwoordig het. Hier word dus nie gekyk na die sportman wat die hoog-

ste sport of prestasie behaal het nie, maar na 'n persoon wat die koshuis in 'n verskeidenheid sportsoorte verteenwoordig met in agneming van sy prestasie in die verskillende sportsoorte.

Die eerste ontvangs van

hierdie toekenning was Lukas Minie wat die koshuis in 8 sportsoorte verteenwoordig het, die universiteit in 2 en OVS-span in 1 sportsoort gehaal het.

DE WETTER TOEKENNINGS

Hierdie toekennings is aan die koshuis geskenk in 1977 deur 'n oud-Primarius, Piet Marais, en word basies vir veelsydigheid toegeken. Alle kandidate word oor vyf terreine beoordeel, nl.

1. Akademiese vordering.
2. Koshuis betrokkenheid en leierskap.
3. Kampus betrokkenheid en leierskap.
4. Godsdiens uitlewing.
5. Sportbeoefening en prestasies.

Sedert 1977 is hierdie toekenning dus 6 keer gemaak en wel aan die volgende persone:

- 1977 Dawie Harmse
1978 Hennie Lambrechts
(ook UV dux-student 1980)
1979 Gert van Zyl
1980 Neil Crafford-Lozaas
1981 Piet du Plessis
1982 Riaan Stander
(ook UV dux-student 1982)


AKADEMIESE TOEKENNING VIR 1ste JAARS

Aangesien daar gevoel is dat eerstejaars ongeag hul studie rigting tog met mekaar vergelyk kan word deur na akademiese uitslae te kyk, het Neil Crafford-Lazarus in 1982 'n toekenning daargestel vir die eerstejaar wat die hoogste punte behaal.

Die eerste wenner van hierdie toekenning was L.J. Botha wat in die Junie eksamen 'n gemiddeld van 92% behaal het.



SPORT





Rugby 1



Voor: P. Holtzhausen, Mnr. H. Pieters (Afrigter), A. Myburg (Kaptein), C. Odendaal (o/Kaptein), N. Crafford-Lazarus (Klub-kaptein), J. Grobelaar.

Middel: J. van Vuuren, A. Kemp, P. Lubbe, J. Greyvenstein, B. Staal, L. Steyn, J. Beneke.

Agter: S. Kritzinger, A. Ferreira, C. Pagel, B. van der Westhuizen, G. Joubert, D. Marais, C. Erasmus.

'n Seisoen wat met 'n toer na Natal gedurende die April vakansie behoorlik vlam gevat het, het heel gepas in in die Reünie jaar vir vele hoogtepunte gesorg.

De Wet, wat vanjaar baie goed voorbereid was, het 'n goeie derde plek verower in die uiters strawwe Sharp-koshuisliga. Die voorspelers was deurgaans onder 'n kombars terwyl die gewillige en vinnige agterlyn gebaljaar het met al die balbesit.

Met skitterspel is geskiedenis gemaak deurdat Pres.-Reitz-kamerwonings met 30-14 verpletter is. Ook

Heldersig, Glen, Kiepersol, A.F.T., Olienhout, o/20(B), en Malherbe moes die knie voor 'n begeesterde De Wet buig. Alhoewel dit groterdeels 'n spanpoging was, het spelers soos Burnie Staal, Chris Pagel, Abrie Myburgh (kapt.) en die skakelpaar Coert Odendaal en Lukas Steyn die oog gevang.

Van die Universiteit se kant is gepoog om die koshuisliga meer oop en aantreklik te maak deur alle skoppe tot 2 punte te beperk en 'n bonus-drie stelsel in testel.

Net 4 spanne kon daarin slaag om 'n netto wins te maak nl:

Veritas		18 drieë
De Wet		16 drieë
JBM		7 drieë
Verwoerd		2 drieë

Anton Vorster (Shimlas en O.V.S.(B)), Rudolph weitz (Shimlas en Irawas) en Jan Greyvenstein (Irawas) word vir hoër spanne getrek. Anton Ferreira speel ook vir die o/20 A-en B-spanne.

In Olienhout se Sewes-toernooi, wen De Wet die plaatkompetisie. Fanatiese ondersteuning en deursettingsvermoë was ongetwyfels die grondslag gewees vir vanjaar se sukses.





Rugby 2

Met spelers van eerstepan-gehalte het die tweedes Saterdagoggende die sout nog dieper in ons opponente se wonde gevryf. Alhoewel nie heeltemal so suksesvol soos die Eerste XV nie, beklee hulle 'n redelike goeie plek in die liga.

Beserings en promosie van spelers het hier 'n nadelige uitwerking gehad. Uitblinkers was volop en Leon Roets, Petrus Holzhausen, Tobie Benadè, Piet van der Spuy en Riaan van Schalkwyk het gewys dat De Wet oor uitstekende reserwekrag beskik. Nicol Linde (kapt.) het die ligte span goed bymekaar en met die regte spring van die bal kon De Wet 'n veel hoër as sesde plek behaal het.



Voor: P. Holtzhausen, Mnr. H. Pieters (Afrigter), N. Linde (Kaptein), L. Germishuizen (o/Kaptein), N. Crafford-Lazarus (Klub-kaptein), H. Schmidt.
Middel: G. Odendaal, J. van Vuuren, H. Scheepers, T. Benadé, R. van Schalkwyk, P. Swanepoel.
Agter: G. Rodgers, B. Nel, L. Roetz, H. Jacobs, G. Mathews, J. Krause, L. Kloppe.



Rugby 3

Die span met die gròt span-gees! Aangevuur deur die voorbeeld van die Eerste XV en die Tweede XV was die span (in derde-liga tradisie) verantwoordelik vir menige lekkerkry-oomblikke langs die veld.

De Wet behaal hier 'n goeie sesde plek. Johan Coetzer het 'n lewensideaal verwesenlik deur 'n baiesuksesvolle kaptein van die derdes te wees. (Na vele jare). Baie dankie aan al die "haas bene" vir welkome terugtrede.



Voor: L. Diener, Mnr. H. Pieters (Afrigter), J. Coetzer (Kaptein), H. Staal (o/Kaptein), N. Crafford-Lazarus (Klub-kaptein) b. de Villiers.
Middel: T. van Rensburg, H. Swart, C. Hegter, B. Linde, J. Momberg.
Agter: H. Cloete, J. Hatting, T. Kitschoff, J. Kräuse, A. Dyason, D. Wessels.





Muurbal

De Wet maak vanjaar geskiedenis deur twee spanne vir die liga in te skryf. Gemengde welslae word behaal. Die A-span verloor na 'n skitter seisoen net-net in die finaal teen Verwoerd. Uitblinkers hier was Henri Staal, Henry Coetzer en Victor Grobbelaar.

Met die B-span het dit nie heeltemal so goed gegaan nie, maar aan entoesiasme het dit nooit ontbreek nie. Baie geluk aan die spelers wat op dié manier hul kant vir De Wet gebring het.



Voor: P. Rochér, H. Staal, J. Roux, S. van Emmenis.
Agter: H. Cloete, H. Coetzer (Kaptein), V. Grobelaar, S. Vorster, R. Pottonas.



Krieket

Krieket was vanjaar 'n genot vir toeskouer en speler. Die Eerste XI het uitstekend gevaar deur die halfeindronde te haal. Skitterende spanwerk was hierdie span se geheim vir sukses.

Lukas Steyn, Jan Greyvenstein, Bart Linde en Martin Kernekamp het sukses met die bal behaal, terwyl Henry Coetzer, Johannes Terblanche en Henri Staal die lopies gejaag het. Uitstekende veelsydige spel van Nicol Linde, Piet van der Spuy en Chris Erasmus was deurentyd die ruggraat van die span.

Baie geluk aan Johannes Terblanche wat De Wet in die universiteit se tweede-span verteenwoordig het.



Voor: H. Staal, P. van der Spuy, H. Coetzer, N. Linde (Kaptein), L. Steyn, J. Greyvenstein.
Middel: G. van Rensburg, V. Grobelaar, H. Scheepers, B. Linde, P. Rochér, R. Pottonas.
Agter: D. Staal, M. Kernekamp, J. Tereblanché, C. Erasmus, A. Farrel.



Atletiek

De Wet behaal 'n baie goeie tweede plek in die strawwe koshuisliga. Daar is met baie entoesiasme en ywer geoefen en in dieselfde gees deelgeneem.

James Honniball, Burnie Staal, Coert Odendaal, Piet Blignaut en Eben Jonker het vir goeie vertonings gesorg. Baie goeie spanwerke getroue ondersteuning van die toeskouers het vanjaar 'n baie groot rol gespeel. Daar word met baie vertroue na die nuwe seisoen uitgesien.



Voor: E. Casselegio, E. Jonker, C. Odendaal, P. Blignaut (Kaptein), B. Staal, S. Kritzinger.
Middel: G. van Rensburg, G. Paul, R. Conradie, K. Hugo, L. Diener, P. Rochér.
Agter: J. Honniball, G. Joubert, T. Kitshoff, A. Kemp, A. Ferreira.



Landloop

Die langasems het ook hier De Wet se naam hoog gehou. Al vier die spanne het in hul onderskeie ligas baie goed gedoen deur almal die vierde plek in te neem. Verskeie koshuise se A-spanne moes in die proses sien hoe ons C- en D-spanne hulle haksene wys.

Die belangstelling was goed maar met 'n bietjie meer belangstelling kon De Wet maklik al die ligas gewen het. Eben Jonker en Pieter Blignaut eindig elke wedloop onder die eerste tien deelnemers. Baie geluk aan Pieter Blignaut wat Vrystaatkleure verwerf het.



Voor: P. Blignaut, E. Jonker, E. Casselegio (Kaptein), J. Roux, N. Linde
Agter: J. Honniball, C. Crail, T. Wessels, A. Myburg, B. Linde, G. Mathews






Waterpolo

Die Groen Seemonster is koning. De Wet het op 18 Maart in sy derde agtereenvolgende eindstryd gespeel sonder om die knieë te buig.

Na 'n gewipp plankryery speel ons gelykop met 6 doele elk teen J.B.M. in 'n spanningsvolle eindstryd. Baie dankie aan die baie, getroue ondersteuners en aan die spelers wat soms ysbeer - toestande moestrotseer. Baie geluk aan al die spelers wat die Universiteit verteenwoordig nl. N.C-L. A - en R. Weitz, D. Thompson en K. de Jonge die B-span.

Ons skrik beslis nie vir water nie. Die Swemspan het met 'n skrale een punt die tweede plek in die liga ingeneem naas Verwoerd.



G. Rodgers, R. Weitz, G. Mathews, J. Greyvenstein, N. Crafford-Lazarus (Kaptein), D. Thompson, J. De Jonge, L. Steyn, D. Staal.



Sokker

Die sokkermanie tref toe vir De Wet. Die seisoen begin met groot optimisme, maar die ware potensiaal van die span kom ongelukkig eers baie later na vore toe Veritas met 5-0 verneder word.

Met hernude ywer is toe begin oefen. Koos Hugo, die man met die baie spoed, oefen sy "bicycle kicks" en die vet Brit, André Farrel oorweeg dit later ernstig om te begin fiks word. Daar is in baie lekker gees deelgeneem, want waar Koos Hugo is, is daar altyd plek vir 'n lag so tussen die doele heen.

Geluk aan die "supersterre" Burnie Staal, Pierre Rochér en André Farrel wat die UOVS verteenwoordig.



Voor: G. Rodgers, A. Farrel (Kaptein), B. Staal, H. Jacobs, P. Rochér, R. Pottonas.

Agter: L. Roetz, D. Staal, J. Honniball, B. De Villiers, J. Lubbe (Doelwagter), D. Thompson, P. Brink, W. Meyer.



Hokkie

Met baie dameskoshuise op en rondom die veld is dit ook geen wonder dat De Wetmanne meer as net gewone belangstelling toon nie. Alhoewel die hokkietye soms met ander sportsoorte gebots het, het die spelers dit tog reggekry om beskikbare tyd maksimaal te benut. De Wet eindig sesde in die liga.

Gunther Paul, Grant Rodgers en Pieter Brink het die universiteit se tweede span gehaal terwyl Wimpie Meyer en Steven van Emmenis die derde span verteenwoordig het. Pieter Brink verteenwoordig die Vrystaat se o/21-span. In die binnenshuise hokkie het De Wet in die finaal teen Veritas verloor.



Voor: S. Vorster, W. Meyer, R. Weitz, S. van Emmenis (Kaptein), G. Rodgers, C. Odendaal.

Agter: P. Brink, D. Staal, L.J. Botha, K. Huyshamen, J. de Jonge, L. Diener, J. Terreblanché, R. van Schalkwyk, G. du Plessis, S. Kritzinger.



Pluimbal

De Wet het vanjaar ook in dié aspoestertjie sport 'n groot jaar beleef. Nadat aanvanklik baie goed afgesit is en De Wet sy eerste wedstryde wen, val ons ongelukkig 'n bietjie vas. De Wet slaag egter daarin om tog 'n baie goeie sesde plek in die koshuisliga in te neem.

Steven van Emmenis, Henry Coetzer, Nicol Linde en Hannes Momberg het hier meer as hul deelgedoen. 'n Pluimpie vir al die manne vir hul groot pogings.



Voor: V. Grobbelaar, S. van Emmenis, N. Linde

Agter: H. Momberg, H. Coetzer



Tennis

Tennis bly maar 'n gewilde sportsoort. Vanjaar was daar buitengewone belangstelling gewees. De Wet het oor baie goeie spelers soos Kobus de Jonge, Chris Erasmus en Nicol Linde beskik wat baie keer die wa deur die drif getrek het met goeie tennis.

Hoogtepunte van die jaar was die baie goeie oorwinnings oor Malherbe en Kiepersol gewees. Tennis was ook die groot sosiale trefker van die jaar gewees. Stevan Vorster en L.J. Botha was meer gereeld te sien in minder ernstige wedstryde - hul opponente was van die skoner geslag. Ook hier is verskeie liga punte ingesamel...

Game, set, match...



Voor: H. Staal, G. Volschenk, J. Vorster (Kaptein), J. De Jonge, N. Linde
Agter: D. Van Stryp, A. Farrel, J. Greyvenstein, L. Steyn, J. van Vuuren, C. Erasmus.



Tafeltennis

Herhaaldelike uitdagwedstryde tussen Johan Grobelaar en Brian de Villiers getuig van die groot belangstelling wat daar vanjaar in tafeltennis is. Gelukkig het geeneen nog hul spraakorgane verloor in die intense proses van konsentrasie nie.

In 'n baie strawwe liga het De Wet 'n skitterende derde plek ingeneem. Spelers wat deurentyd spel van hoogstaande gehalte gelewer het was: Pierre Rochér, Henri Staal, Wikkus Opperman en Victor Grobelaar. Nicol Linde het die Universiteit op die SAU-toernooi verteenwoordig.



Voor: B. de Villiers, P. Rochér (Kaptein), N. Linde, J. Grobelaar.
Agter: V. Grobelaar, H. Staal, A. Myburgh, W. Opperman, L. Diener.



Vlugbal

Vlugbal is bo! Nadat De Wet 'n maer tydperk beleef het, is die entoesiasme weer baie hoog. Op ons eie baan is die twee VanZyl-broers sterre, met die heer Schmidt 'n kortkop agter hulle. In die koshuisliga het De Wet heel goed gevaar - danksy die positiesgesinde spelers én toeskouers.

Verskeie spelers het ook hier hoër louere verwerf. Derick Thompson word beloon vir goeie spel deurdat hy vir die Vrystaat gekies word. Boelie van der Westhuizen en Steven van Emmenis haal beide die universiteitsspan.




Voor: D. Thompson, B. van der Westhuizen (Kaptein), S. van Emmenis, N. Linde.
Agter: G. van Rensburg, A. Myburg, A. Kemp, P. Rochér.



Trapkar

Nobbies verloor die "bearings" ..., Swapo en Theuns die ketting, en Danie maak amok toe hy om die eerste draai die enigste vierdewiel van die kar vang en die rondte op drie (en partymaal twee!) wiele voltooi.

Die teenspoed ry ons darem nie al die pad nie. Die jaarlikse Pedal Prix wat 22 spanne van oor die hele land gelok het, was 'n hoogtepunt. De Wet behaal hier 'n algehele tiende plek en eindig tweede van die kampuskoshuise. In die koshuisliga behaal De Wet ook 'n baie goeie tweede plek. Al trappen-de na nog groter snelhede trap ons voort...




Voor: J. van Vuuren.
Agter: T. Meyer, N. Neumann, D. Marais (Kaptein), B. Nel, G. Stroebel.







O.V.S. - Kleure




Derick Thompson OVS Vlugbal



Piet Brink OVS o/21 Hokkie



George Mathews O.V.S. Tweekamp




Johan Grobbelaar - N.O.V.S.
(Jukskei)






M A N N E





De Wet - Fokus



Ja! Krieket en die Noorde hét gewen




Wie's daai?



Prof. Parker . . .



Dié manne kan Rugby speel . . .



Die gesig van die tagtigs





Retrospek

TRADISIES IN BEELD

25/1/83

'n Eerstejaar se eerste dag in De Wet. Jy word harlik verwelkom, jou tasse gedra en tuis gemaak in jou kamer. Daardie aand kom almal in die "Gesellie" bymekaar om die sewe huiskomiteelede te ontmoet, en te "brag" oor jou skool en weermag prestasies.

2/2/83

Deel van eerstejaar wees is die Mnr. "Donker Afrika" kompetisie. Bewapen met 'n blikkie politoer is dit jou taak om jou maatjie binne 20 minute so donker moontlik te kry. Sodra die wenner aangewys is, het jy weer 10 minute om jouself skoon te kry met koue water.

12/2/83


Die tweede Saterdag nadat die seniors op die bult aangekom het, is dit Jool. In 1983 heers daar groot opgewondenheid want De Wet en Steyn se vlot word as wenvlot aangewys en die heel naweek loop die manne breë bors rond. Die Reünie jaar begin goed.

13/2/79


Kontak sessies is in volle swang, en wat is 'n lekkerder manier om dit mee af te sluit as om tussen die vere te baljaar. Met net 'n L.O.-broekie aan word die lywe met molasse gesmeer en dan word die manne tussen die vere in gejaag. Behalwe vir die hooikoors is dit "jare" se pret.

1/3/82

Dit is kleureksamentyd. Al die eerstejaars gee in die Callie Human rekenskap van wat hy reeds van die kampus en koshuis weet. Maar die ontvangs by die koshuis is die oorweldigendste. Jou lakens is van hoek tot kant dwarsoor die vierkant gespan.



Die groot brag ...



Mnr. Donker Afrika-kompetisie



Teer-en-Veer





Retrospek

ONTHOU JY

7/3/79

Die stigting van die G.G.O.K. (Genootskap van Geharde oujongkêrels). Die organisasie word in die lewe geroep vir manne wat reeds twee jaar of langer nie meer sleep nie en beywer hom om diesulkes te vermaak sonder die samewerking van die teenoorgestelde geslag.

8/3/79

Die manne se nagrus word versteur deur die loei van 'n sirene. Dié van Prof. Parker se motorfiets wat geskaak is met die trappe opgedra is en nou op Suid II voor die interkom staan en almal se nagrus kortknip.

14/3/80

Weereens middernagtelike steurnisse. Boepies (André van Zyl kom laat aand in 'n tweestryd met 'n ander kewer 'n bietjie wyd om die JBM-Verwoerd-draai en vyf motors bly in die slag. 'n Maand later word daar 'n middel mannetjie vir die draai gebou.

25/3/80

De Wet kry 'n hoed. Die dag met die informele huisfunksie maak die hoed, met 'n groen band en die woorde 'De Wetter' voor op aangebring, sy verskyning en is daarna by al wat 'n rugbywedstryd is op te merk.

27/3/79

'n Dag waarvan al baie gepraat is om die teekan. Ou Ben en ou "J" keer hierdie aand terug De Wet toe vanaf die stad via die dieretuin en bring 'n bokkie saam as getuigenis dat hulle wel daar was. Dié word egter later weer terug geneem weens behuisingsprobleme.



Kleureksamen en seniorpret



Die beste flater ooit - Wenvlot 1983



Ontheffingseremonie







Retrospek



Al die lelike manne met mooi meisies



Slaaptyd tydens langhuis



Prof. Van Schoor lê 'n krans by Genl. De Wet se standbeeld

24/2/82

De Wet hou informele Huis-funksie. Hierdie funksie word elke jaar in die koshuis gehou. Die ingangsportaal word mooi versier asook die Gesellie waarin gedans word. Ons eet in die eetsaal en sit gedurende die aand in die biertuin.

29/4/82

'n Langhuis vergadering elke kwartaal is net so tradisioneel soos pap en vleis op Saterdagmiddag. Ewe tradisioneel is die manne se gesukkel om wakker te bly as die sprekers nie 'n mens kan boei nie.

13/8/79

Augustusmaand is Huiskomitee verkiesingstyd en hier is stembeampies die belangrike persone met langen moeilike name. In 1979 was die stembeampies, baie formeel geklee, Hennie Lambrechts, Stoffel Strydom en Danie Swanepoel.

10/10/81

Jaarliks op die 7 (Oom Christiaan se geboortedag) of die 10 Oktober (Heldedag) is die De Wetters vroegoggend te sien by die standbeeld van Generaal De Wet in Charlesstraat om hulde te bring aan hierdie groot leier deur middel van 'n kranslegging deur prof. Tienie of die primarius.

29/10/78

'n Tradisie begin. Die De Wet-dag waar die ses gange teen mekaar meeding op die ses tydverdrywende "sportsoorte" in die koshuis, nl. Vlughal, Snoeker, Vingerbord, Tafeltennis, Veerpyltjies en "Touchies". Die eerste De Wet-dag word in 1978 deur SII gewen.





Retrospek

ONTHOU JY

27/4/82

Die maandelikse breekskostelys verskyn op die kennisgewingbord en een van die eerste probleme wat die manne het, is dat die Moeder "gebuig" is.

20/5/80

Die G.G.O.K. word die Herstigte Genootskap van Geharde Oujongkêrels met 'n nuwe beleid, om die verhouding tussen die organisasie en dames te verbeter.

6/5/83

Na vyftien jaar van onderspit delf kry De Wet dit die eerste keer reg om Reitz op die rugbyveld te klop en word dit ordentlik gedoen met 'n telling van 30 - 14.

26/7/80

Loddie Greyling ontmoet die dame van sy lewe maar kan haar nie uitneem nie weens finansiële probleme. Vir twee dae loop hy in die koshuis rond en adverteer dat sy vistenk met twee vissies te koop is om sy probleem op te los.

14/8/80

De Wet bied 'n internasionale rofstoei geveg aan tussen Jan Wilkens en Hans Rooch ten bate van die kerkboufonds en samel ± R6 000,00 in.

18/9/79

Luid II roep die verenigde koninkryk van Moutwoud uit en stig af van diere van die koshuis. Iets wat hom drie jaar later in 1982 sou herhaal.



Die Stembeamptes



Suid 2 : eerste winners van die "touchies"



Ramparty en ons Rugby-afrigter ontvang De Wet-dasse





Noord 1

Met die N.I-Blitsbraaikompetisie het nr. 2 se "Smokey Botha" los hande die bakste vuur gemaak. Sy kamermaat B. Linde verbaas almal deur selfs Casaleggio te laat byt op die 6km.

Ten opsigte van kamer 3 en 5 kan ons net sê die kerk en bar is langs mekaar. Pastorie bid nie, Hantie drink nie en Weitz poks nie.

Nr. 7 se "Geleende Artikel" met sy steriele kamer is ons eie plakkersprobleem. As hy nie op die Trekkers is nie, is hy by sy meisie.

Nr. 8. Die twee senior eerstejaars is twee trotse eienaars van twee predies. Rogers is op die foon en Potonas by die Tattersalls.

Nr. 9. By die kort 11, 1, 11 (waar K die elfde letter) -

praat-sessies neem die bogenoemde twee die voorsitterstoele in.

Nr. 11. Diener maak geld op sy rug, want danksy Vos se skoonfamilie by die proefdiersentrum kry selfs die "Vet Regter" proewe om te doen.

Nr. 12. Dié kamer se koue dryf die manne na die Biblioteek. Danksy Prins se brein Petroldief kan Wimpie sy "hartedief" onder valse voorwendsels terug neem ná die "groot" huisfunksie.

Nr. 13. Die enigste stabiele faktor op die gang. So stabiel dat beide eerder flik as om aan 'n meisie te raak. Nicol wil langer bly, want hy móét 'n vrou kry. Coetzer wil foeter, want die Pulsar se battery is befoeter.



Nicol Linde met die Laubscher-sporttrofee



Suid 1

Pyks - Daar bestaan 'n vermoede dat hierdie man 'n loper vir elke kamer en kas het, soos hierdie man kan koek uitsnuffel.

Jerry - Hy staan sy kamermaat in raad en daad by wat koek soek betref.

Spanner - "Oom Louis Carstens Telefoon N₁, N₂, S₁ en S₂ , kom oom?"

Boertjie - Onse onnie is jou moerbeie al ryp?

Ronnie - "Nee wat manne, die wiskunde was makliker as val uit 'n boom uit" - en bowenal is hy 'n puik danser vra vir Wel-Wel.

Ertjies - Die man met die goue stem.

Hendrik alias "Raging Bull" is nou spreekwoordelik die Geseënde bul wat die hare van krul. Met sy nuwe naam

en op sy "Honda Express" is hy bang vir niks.

Pathies - Ons diaken en kilo eter.


Louis - Raai? Raai? - As hy haar het wil hy haar nie hê nie, en as hy haar nie het nie, wil hy haar hê. Waar is wie en wie is waar - Net Almie sal weet.

Gert - Huweliksraadgewer - blykbaar verniet Johannesburg toe gery.

Piet - Arme man lyk al soos 'n gebreekte venster en lavotory deur.

Jan - "Die manne moet mooi dnik, Wel-Wel is goed op die los baL".

Klopper - Oor my kamermaat se vele sondes sal ons maar swyg. Bietjie meer akademies ge-oriënteer as vroeër jare.



Louis Esterhuizen saam met die "besoeker" uit diereland.





Noord 2



Boelie van der Westhuizen ontvang
die De Wetter toekenning
van Pa Tienie.

"Naffi Valley" se sosiale predie is soos gewoonlik baie hoog. Roosmaryn het 'n besondere aantrekkingskrag en menige man het al daár kop verloor. Dit hetuit die aard van die saak totgevolg gehad dat die persentasie bloed in die alkoholstrome redelik hoog gebly het.

Op akademiese gebied lewe die gang ook gebalanseerd. Verskeie studierigtings asook stokperdjies word hier beoefen. Vir die oningelikes: die harde musiek begelei Marchell deur sy passies tot groot vermaak van die bure en tot ergernis van die swottende figure.


Willem se perdiëdieke geskreeu om hulp laat visioene van 'n blink sangloopbaan soos mis voor die son verdwyn. Aggressiewe benaderings het gelukkig na 'n groot lawaai en stofstorms weer oorgewaai.

Die primarius het van portefeulje verander, eers na Minister van Vervoerwese. (Hy het immers 'n motor, motorfiets, boot en 'n) en toe na 'n lid van die pantoffelregering.

Die koning is dood. Lank leef die nuwe koning!



Suid 2



Benjamin Bosch Gangprime met
die Hex Truis trofee

Die Verenigdekoninkryk van Moutwoud is enig in sysoort. Dis dié gang in De Wet, die inwoners lewe. Klinkers Inn het menigmaal 'n verlate koninkryk tot gevolg. Tradisies word hier voortgesit, met gereelde byvoegings, want wie kan nou die Toyota-Parker tydren vergeet. Kon Toontjies ooit gedink het dat sy motor só kon ry?

Die gang wat onder andere kan spog met twee oud SR-Lede, lede van die speurkomitee en Voorsitter, Shilla- en Irawa rugbyspelers,

die hele De Wetter redaksie, briljante sportmanne, twee Huiskomitee lede, ens., het daardie "iets" waarvoor al die ander gange net kan droom ...

Die Hex Struis trofee is vir die soveelste maal verower, en oorweging word geskenk, dat ons in die toekoms slegs 'n tweede span sal inskryf (nie dat dít juis die ander gange se kanse sal verbeter nie).

Van die gang der gange. Groetnis aan al die ander vaal gangetjies.





Noord 3

"Pousvallei" is vinnig besig om dié stigma te verloor en terug te keer na 'n volwaardige vrotkol. Gieds trek nou wel terug, maar na ses maande dien ons hom die finale nekslag toe - hy is op pad met K.P. en al!


Sampie word insy akademiese slapie begroet met 'n Verwoe(r)de appel wat sy venster aan skerwe laat spat, maar Rip "couldn't care a..." Picasso sluit aan by die erepresident van die sluiper-komitee en die Trompie-bende

maak kamer 31 hul hoofkwartier.

Die H.G.G.O.K. verloor 'n lid en J.R. verloor sy hart, net jammer sy motorfiets moet dit ontgeld.

'n Landboumassa oorval ons aan die begin van die jaar - daar is fotosinteerders, boomstompe en die adnesca. Hulle boer met alles, behalwe meisies!

.... en daaronder draai die duiwel rond.



As hulle nie slaap nie, swot hulle.



Suid 3


As die Wes-Berlynse deur Cos-Berlyn "Leopard-crawl" ontmoet hulle die volgende

Vriende:

- 72- Perfeksionis Spuy, S3 se DJ sê mos deesdae vir Tossie in die flatcats se woonstel.
- 75- Clive Rice Opperman verkies 'n dis-sekteerstel bo-kolf. Smit veroorsaak 'n flater deur die Ooste en die Weste te probeer bombardeer.
- 77- Top 10 Mathews oefen Vrystaat Tweekamp tussen Roosmaryn en De Wet. Hiperaktief "broadcasting" Kritzinger oefen vir Shimvaria op S3.

Vyande:

- Nr. 79- Die vinnige "Gippo" - aksie van Koos Judo Hugo ontwig "vrot potjie" Kitshoff se kneg in hulle stryd om die kospot.
- 81- Tussen "Camel" wyn en trapkar- finaliste lê Intensiewe Jakobs sonder 'n "Rek" predie en slaap terwyl beëf Wessels beweeg tussen S2 en Huis Koos.
- 83- Elvis de Villiers verkeer in 'n pessimistiese bui totdat hy nuus vanaf 'n troue verkry terwyl Vorster met sy kitaar en stetoskoop tussen sy boeke en die sêr rondhol.



Pierre Rocher en André Farrel nadat Suid 3 die Rooimasjiendag naelskraap gewen het.





Joolkomitee



Voor: A. Farrel, P. Rochér,
L. Kloppe
Middel: S. van Emmenis, J. Smit
Agter: G. Stroebel, S. Vorster

Die tema was skater vir 'n flater. De Wet se "flater" was 'n meesterstuk. Op 'n heerlike Saterdagoggend het De Wet en Steyn se wenvlot die strate van Bloemfontein versier. Verskeie kritici het die vlot as die "beste in 'jare" bestempel.

Agter dié poging was daar baie ure van sweet deur ons joolkomitee. Gerhard Le Roux het m.b.v. Charl Marais van Die Volksblad 'n uitstekende ontwerp gemaak.

Die harde sweiswerk is met groot ywer deur Johan van Vuuren en Bart Linde aan-

gepak en die vlot het gou 'n wen gestalte aangeneem.


Dit was egter Jan Smit en sy helpers wat met briljante werk vorendag gekom het en Bresjnef en Reagen laat lewe het uit polistirieen.

Getrou in De Wet se tradisie was die jooldeputante weer eens minder suksesvol.

Verskeie De Wetters het met hul buitegewone kostuums die oog gevang. Rudolf Weitz en Hantie Cloete verwerf 'n eerste plek en Victor Grobbelaar 'n 3de plek.



Sosialekomitee



P. Rochér (Voorsitter), G. Le Roux,
S. Kritzing, S. Vorster

Sosiale lewe en De Wet manne, is onafskeidbaar. Die De Wet manne het weer eens die kampus- en B.O.K. dames van hul voete afgedans.

Na afloop van die jool het ons en Steyn 'n kaas en wyn-"inter" gehou ter viering van die wenvlot. Of dit blydskap oor die wenvlot of die wyn was is nie bekend nie, maar 'n feestelike inter het tot wie weet watter tyd aangehou. Ewe lekker "in-


ters" is ook met die ander dameskoshuise en B.O.K.- en Teknikonkoshuise gehou.

Aan al die inwoners wat gehelp het om die inters sowel as die informele huisfunksies en die "Sêr" 'n reuse sukses te maak, 'n woord van dank. Die verskaffing van musiek is deur Neil Craford-Lazarus behartig terwyl die sosiale komiteede baie hard gewerk het. Mag De Wet altyd dié sosiale koshuis op die Bult bly.





Sluiperskomitee



Voor: Voors.;
.....

Die sluiperkomitee het vanjaar werklik in beweging gekom. Nuwe tunnels is gegrawe en 'n geheime strategie vir sluip en onsigbaarheid is met groot sukses beoefen.

Aangesien dit moeilik is om almal op die Super-Sluipkomitee byeen te bring vir vergaderings, is die briljante besluit geneem dat elkesluiper, op sy eie 'n vergadering kan hou net waar en wanneer hy wil.

Nuwe plekke vir saamsluip is ook gevind. Die mat in die gesellie het voldoende skuiling gebied, dog die populêrste vergaderplek was die klavier (basgedeelte; draai links by middel "C").



Speurkomitee



Voor: Die manne kan ongelukkig nie
Agter: Ontmasker word nie.

Dis nag - dis donker - dis stil
dis die lewe van die speurkomitee - doelgerig, vasberade en kil.

Daar gaan hulle verby -
"Stil manne ..."
Die koshuis is veilig in hulle hande.

Anton (Vos) Multiplex voor-
sitter - hy dek alles.

Piet van der Spuy - Minister
belas met: Windies; "Jippo guts", dedaktiese pedagogiek + H.O.D. met spesiale verwysing na bordsports.

N.C.L. - Minister belas met:
Masseursalonne, almanakverspreiding, Vrymesselary en A.S.B.

Ben Bosch - Minister belas met: Visserye, speserye, stoeterie, drukkerie en ontspanning.

